higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PLANTPRODUKSIE
NKR VLAK 3

(1011013)

8 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

168Q1N2208

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Stuk van ’n moederplant wat in ’n nuwe plant ontwikkel	A	wingerd
1.1.2	Tegniek wat gedurende die dormante stadium (winter) gebruik word	B	nodus
1.1.3	Gedeelte van ’n nuwe boom wat geënt word	C	voortplanting
1.1.4	Deel van ’n plant waar blare ná enting ontwikkel	D	aseksuele voortplanting
1.1.5	Entvorm van ’n plant	E	steggie
1.1.6	Veld waar druiwe verbou word	F	entloot
1.1.7	Proses om een van dieselfde te produseer	G	enthout
1.1.8	Om die vegetatiewe deel van ’n plant te gebruik om voort te plant	H	seksuele voortplanting
1.1.9	Uitloopsels wat vir enting gebruik word	I	wortelstok
1.1.10	Voortplanting van ’n plant deur ’n saad te gebruik	J	enting
		K	apikale wig
		L	boord
		M	kweekhuis
		N	stingellitte

(10 × 1) (10)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur dit langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.2.1 Seleksie van die beste plantmateriaal vir die doel van plantvoortplanting

1.2.2 Deel van ’n plant wat vir enting gebruik word

1.2.3 Toestand van ’n plant wat leef maar nie groei nie

1.2.4 Tipe ranker wat rondom pale en bome groei

Kopiereg voorbehou

1.2.5 Proses van voortplanting deur die vegetatiewe deel van ’n plant te gebruik

1.2.6 Oordra van ryp stuifmeel van die anter na die ryp stigma van die blom

1.2.7 Oordra van die botsel van ’n botselstingel na ’n wortelstingel

1.2.8 Kruising wat op ’n onbeheerde manier in die natuur plaasvind

1.2.9 Tegnieke wat gebruik word wanneer saad onder beheerde toestande geproduseer word

1.2.10 Om ’n plant geleidelik aan ’n strawwe omgewing bloot te stel

(10 × 1) (10)

1.3 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.3.1 … word geoes deur die grond met ’n vurk los te maak en dit een vir een uit te trek.

A Uie
B Wortels
C Bone
D Kool

1.3.2 … word geoes deur die kop net bokant die grondvlak af te sny wanneer dit ferm is.

A Uie
B Wortels
C Bone
D Kool

1.3.3 … word geoes wanneer die blare begin bruin word en die bolle droë lae het.

A Uie
B Wortels
C Bone
D Tamaties

1.3.4 … word geoes deur net te pluk wanneer dit effens rooi is.

A Uie
B Wortels
C Bone
D Tamaties

1.3.5 ’n Hoë, silindriese struktuur wat gebruik word om ’n oes te berg:

A Tenker
B Silo
C Silosak
D Dorskamer

1.3.6 Die beste tyd vir okulering is in die …

A lente.
B winter.
C herfs.
D somer.

1.3.7 ’n Dier wat jag maak op ander diere en hulle vreet, is ’n ...

A prooi
B predator
C vektor
D parasiet

1.3.8 Diere wat deur ander diere gevreet word:

A prooi
B predator
C vektor
D parasiet

1.3.9 Gewas wat verbou word met die hoofdoel om te verhoed dat die grond braak lê en om die grond te beskerm:

A dekgewas
B deklaag
C bewerking
D wisselbou

1.3.10 Beteken om grond te bedek as ’n manier om te onkruidgroei, waterverlies en oorverhitting van grond te verhoed, terwyl sy samestelling verbeter word:

A dekgewas
B deklaag
C bewerking
D wisselbou

(10 × 1) (10)
[30]

VRAAG 2

2.1 Gewasse benodig 'n geskikte omgewing om in te groei. Elke gewas het sy eie aanpassing by sekere klimaatstoestande.

2.1.1 Noem VYF effekte van monoverbouing. (5)

2.1.2 Noem VYF faktore om te oorweeg wanneer 'n wisselbouprogram beplan word. (5)

2.1.3 Waarom is dit belangrik om peulgewasse te oorweeg wanneer wisselbou beoefen word? (2)

2.2 Gee VIER nadele van braakbewerking. (4)

2.3 Graan kan vir 'n langer tydperk as vars produkte geberg word.

2.3.1 Noem 'n algemene berokingsmiddel om insekbesmetting van graanoeste te verhoed. (1)

2.3.2 Noem VYF eienskappe van die berokingsmiddel wat in VRAAG 2.3.1 genoem is. (5)

2.4 Dit is belangrik om te weet om gewasse en vrugte korrek te behandel en hanteer nadat dit geoes is.

2.4.1 Noem VYF faktore om te oorweeg wanneer graangewasse geberg word. (5)

2.4.2 Verduidelik waarom dit belangrik is om die voginhoud van graangewasse vóór berging na te gaan. (3)

[30]

VRAAG 3

3.1



[Bron: *https://images.google.com*]

3.1.1 Identifiseer die voortplantingsmetode. (1)

3.1.2 Definieer die voortplantingsmetode wat in VRAAG 3.1.1 geïdentifiseer is. (2)

3.1.3 Verduidelik kortliks die proses wat in die figuur geïllustreer word. (5)

3.1.4 Noem VIER faktore om te oorweeg wanneer 'n wortelstok gekies word. (4)

3.2 Hoe meer bome verbou word, hoe beter vir die omgewing.

3.2.1 Definieer die term *agrobosbou*. (2)

3.2.2 Verduidelik kortliks waarom boere agrobosbou bó akkerbougewasse sou verkies. (5)

3.3 Noem DRIE kriteria om te gebruik wanneer plante vir 'n agrobosboustelsel gekies word. (3)

3.4 Noem DRIE faktore wat die doeltreffendheid van besproeiing sal bepaal. (3)

3.5 Noem kortliks hoe 'n boer elk van die volgende probleme geassosieer met besproeiing kan oplos:

3.5.1 Verdamping

3.5.2 Deurweking

3.5.3 Uitloging

3.5.4 Soutbehandeling

3.5.5 Erosie

(5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 4

4.1 Grondvoorbereiding is belangrik om gewasse te verbou.

4.1.1 Gee VYF redes waarom die grond vir aanplanting van enige tipe voorberei moet word. (5)

4.1.2 Gee DRIE redes waarom grond geploeg word. (3)

4.1.3 Wat is die funksie van 'n skotteleg? (1)

4.1.4 Verduidelik kortliks elk van die volgende terme wat in volhoubare boerdery gebruik word:

(a) Inploeg

(b) Grond rus

(2 × 1) (2)

4.1.5 Gee VIER redes waarom 'n gronddeklaag belangrik is wanneer grond gebruik word. (4)

4.2 Gee VYF redes waarom onkruid in 'n aangeplante area verwyder moet word. (5)

4.3 Verduidelik kortliks hoe die grond onder elk van die volgende opskrifte voorberei word om boorde en wingerde te vestig.

4.3.1 Profielgate

4.3.2 Plantgate

4.3.3 Diep aanplanting

4.3.4 Kalktoediening

4.3.5 Nutriënt status van grond

(5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik kortliks hoe elk van die volgende metodes gebruik word om kunsmis vir gewasse toe te dien:

5.1.1 Bandtoediening

5.1.2 Verspreiding

5.1.3 Waterbemesting

5.1.4 Blaartoediening

(4 × 1) (4)

5.2 Noem die bron of samestelling van elk van die volgende organiese kunsmis:

5.2.1 Kompos

5.2.2 Dieremis

5.2.3 Voëlmis

5.2.4 Groenbemesting

5.2.5 Beenbemesting

(5 × 2) (10)

5.3 Noem die tipe organisme wat elk van die volgende siektes in plante te veroorsaak:

5.3.1 Poieragtige meeldou

5.3.2 Swartvrot

5.3.3 Kroongal

(3 × 1) (3)

5.4 Noem EEN simptoom van elk van die siektes wat in VRAAG 5.3 genoem is. (3)

5.5 Noem TWEE maniere waarop ’n boer die voorkoms van poieragtige meeldou kan beheer. (2)

5.6 Verduidelik kortliks hoe elk van die volgende gebruik kan word om plae te beheer:

5.6.1 Predatore

5.6.2 Weerstandige kultivars

5.6.3 Insekafweerders

(3 × 1) (3)

5.7 Noem VYF goeie bewerkingspraktyke wat ’n boer kan toepas om die verspreiding van siektes en plae kan verhoed. (5)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou